Suidwes-Kaap

# ‘n Naweek in Beeld:



# S *kimkamp*



## 14—16 Februarie 2014



Die maande weke geword, die weke dae en die dag ure! Met groot opgewondenheid het die SAWANANTE opgetrek, Vrydag 14 Februarie 2014. Die eerste leidraad na die langverwagte Skimkamp was beskikbaar om 10vm by die Engen N1 Vulstasie, rigting Worcester.



Die uwe (dis nou ek, Kleintjie die Redakteur ) het die leidrade ontsyfer so ek het die kort-pad geneem. Daarvoor het ’n alombekende swartplaatjie gekry. (dink nog steeds daar word onregverdig op my gepik). Een van ons besoekers Marius van der Mescht het deurmekaar geraak met N1 en N2 en het die staf in die winkel heel verward gehad oor sy navrae na die Skimkamp. Ja dit het ’n swart plaatjie verdien!



Marius

Dit was net na 12 toe die waens aangekom het by Kam’bati, sowat 21 km buite Swellendam. Die kampplek het nie teleurgestel nie. Teresa & Danny le Roux het saam met Pieter Henning ons hartlik ontvang en welkom geheet by die ontvangs. Danny, ons Skim van 2013 se oë het behoorlik geglinster, en toe weet ons, hier kom ’n ding. Die naweek program is aan ons oorhandig tesame met ’n heerlike “goodie bag” met vele verassings, met onder andere, tydskrifte, waslap, Rosyne, pap, sleutelhouer, water, sap, lekkergoed, sjoe, ’n heerlike bederfsakkie inderdaad!



Alhoewel daar méér as genoeg staanplek was vir almal het die Sawanante besluit om letterlik rug teen rug en in 'n laer op te slaan.  Naas die Breederivier wat deur die kamp loop het die watergly-baan en swembad gesorg vir lafenis en vermaak. Die waterglybaan was die hele Saterdag tot ons beskikking  en vele het van die geleentheid gebruik te maak om hulle lywe jonk te hou

Ek en Adéll het ons 27ste huweliksherdenking gevier op 14 Februarie en Adéll het besluit om ons wa so bietjie op te maak vir die geleentheid.






**Ons kampmaats het ons verras
Met hierdie T-hempde!**





Daar het 'n heerlike stemmige atmosfeer geheers wyl daar heen en weer gegroet is net voor boekevat.





Boekevat  is Vrydagaand waargeneem deur Sharon le Roux

Danny stel die Kampleier, Tommy Scheepers en Noodhulp, Hendrien Oosthuizen voor





‘
n Besoeker, Tannie Dot het verjaar, en oudergewoonte word die “lekkerrr verjaar”  liedtjie vir haar gesing.

Na afloop van die Boekevat is daar opgetrek na die saal, waar ‘n aand vol van verassings vir ons gewag het !

    



Wat ’n aangename verassing het ons ontvang. Kam’bati se geriewe is werklik pragtig en daar is gebruik gemaak van die lieflike saal om die aand se verrigtinge aan te bied.

Die tafels was kleurvol en smaakvol voorberei, ’n Sjokolade fontein, vars vrugte, lekkergoed (alles in harte uitgepak), koekies, sout terte, sap, koffie, tee en natuurlik Sjampanje. Geen moeite is ontsien om hierdie Valentyns’ aand ’n onvergeetlike aand te maak nie.

By die ingang het elkeen ’n verwelkomings kelkie ontvang. Soet, ryk en lekker! Sag op die tong.

Kristie het haar 13de verjaarsdag gevier en daar is vir haar ’n koek met kersies voorgesit.

Woorde en foto’s sal die aand se verrigtinge nooit kan beskryf en saamvat nie. Teresa en Danny le Roux het uit hulle pad gegaan om almal tuis te laat voel. Tannie Sippie , wat herstel van ’n rug-operasie het die aand , so al lêende, saam met ons geniet. Die mense het omtrent weggepak en heerlik gesmul aan alles wat voorgesit was. Daar was meer as genoeg. En toe begin die prettige foto sessie! Wat ’n feestelike atmosfeer was dit nie gewees nie.

 

 

.

# Wie is dit?

   

    

   




# Vervolg ... Saterdag





Met almal wat nog steeds geen  idee het wie die Skim is nie, en raai raai riepa wat gespeel word, het Saterdag aangebreek. Net toe ons dink daar kan nie meer verassings voorgesit word nie, toe word ons bederf met ‘n heerlike ontbyt Saterdag oggend. Daar is al van vroeg oggend, en ek meen vroeg-oggend, in die kombuis en voor die vure gewerkskaf. Om ontbyt vir bykans 120 mense voor te sit, moet jy jou storie ken! Varsgebakte brode, plaas eiers, kaas worse, konfyte, kaas, tuisgemaakte konfyt, vrugte, koffie, tee, ja en nog Sjampanje! ’n Feesmaal inderdaad. Daar is gesellig om die tafels gekuier tot laat oggend.

Dit was bykans onleefbaar warm, so die meeste Sawanante het afgekoel of in die swembad of die rivier. Ja sommige het hulle lywe jonk gehou en maar later die dag gesukkel om op te staan. Ai,  dit bly maar ‘n voorreg en lekker om bietjie uit jou nate te klim!

En toe begin die laatmiddag pret. ‘n Span het bestaan uit ‘n Loerie, man, vrou en kind.










Speletjie een moes die vrou die man opmaak volgens die voorgestelde model. Mmmmm nie so seker of dit so goed afgegaan het nie!




Daarna moes die jongste lid van die span ‘n rugby pal met die kennebak stoot oor ‘n doellyn, waarna daar albasters gegooi is. Sjoe die konsentrasie en die krete!



Vandaar die stomstreke. Gevolg deur die water aangee en laaste maar die minste die hindernisbaan met die kruiwa stoot. O ja die insittende in die kruiwa moes ‘n bak water balanseer. Niemand het omgegee vir die nat word nie, Dit was verskriklik warm gewees.











Saterdag aand is die vure aangesteek en daar is al te lekker oor en weer op die heerlike gras-perke en om die lapa gekuier. Die aand was vol verassings. Gelukkige nommer trekking, pryse vir die grootste, mooiste, langste, kortste, noem dit, daar was prys vir almal. Ook het die gelukkige trekkings plaasgevind. Ja verseker was almal se hart al te bly.




















Daar is ook op 'n gepaste wyse dankie gesê vir almal wat, agter die skerms, hand bygesit het en vir Teresa en Danny gehelp het. Dit was 'n heerlike aand en daar is tot laat aand om die vure gekuier en gelag. Stokflou, maar tevrede was die suksesvolle aand afgesluit.

# SONDAG

Sjoe, hoe sluit mens so 'n naweek af? Ons was bevoorreg om verskeie gaste van ander streke te ontvang. Daar is nuwe vriendskapsbande gesmee en die drade van die verlede weer opgetel.



Sawanante kom bymekaar vir die ere-diens





Past. Andre Heyns van die AGS Durbanville het vir ons die erediens behartig. Hy het baie grafies vir ons die uitbeelding gedoen van die masker opsit, die baadjie aantrek en alles lyk van die oog af mooi en aanvaarbaar, maar onder dit alles, is daar stukkende mense, stukkende huwelike en stukkende huisgesinne . Sy ernstige boodskap was eenvoudig, as ons God vresend is , sal die met ons huwelike, ons gesin en ons verhoudinge goed gaan.



En toe die hoogtepunt van die naweek. Is dit die Skim?



Nee wag vals alarm! Dit is Skimme van 2011—2013.

En die???? Nee dis Bollie Bakker wat almal aan die praat gehad het.





En toe daag die ware skim op! Sawanante was in rep en roer. Wie kan dit tog wees? Die Skim is nie dadelik ontbloot nie. Nee hy het eers aan Niël Goslett getoring wat probeer het om nuwe lede voor te stel, NUB terugvoering te gee en die verjaarsdae en huweliksherdenkings deur te gee. Niël het behoorlik sy hande vol gehad.





En toe word dit Skim bekend gestel. Barry Goddard van Helderberg Streek! Dit was 'n aangename verassing vir ons almal.

Teresa en Danny het die naweek afgesluit. Tereg het hulle gesê dat dit die gesindheid , deelname en bydraes van elkeen (asook verskeie maatskappy) tot die sukses van die naweek gelei het.

# Ons verwelkom!

**Nuwe lede in ons streek! Baie welkom aan (vlnr)**



Nico & Versoeka Basson met hulle drie kinders Simone, Janu en Emiel

Irene & James Mitchelle (ps. Dit is Versoeka se ouers)

Chané & Louis Stemmet (Dogter van Petrus en Janine Theron. (Ps. Louis het die toekenning ontvang vir mr. sexy legs)

Yolanda & Hannes Heyns.

# Toekennings



Kampleiers : Tommy en Teresa Scheepers



Rozette en Johann Viljoen—30 Streek



Danny ontvang sy welverdiende swartplaatjie.

## Leed

Dit is met groot hartseer dat ons afskeid neem van oom Bobby Goslett. 'n Legende onder die Sawanante. Sterkte aan die Goslett familie.

Verna Jordaan sterk tuis aan na hospitalisasie

Bennie se pa is oorlede

John McDonald sterk aan na hospitalisasie

## Kortliks

Terugvoering ten opsigte van die NUB. Die fokus is op die uitbou van lede tal. Die voorsitter en sekretaris tree uit. Verskiesing word ingewag vir die nuwe nasionale voorsitter en sekretaris.

Baie geluk aan elkeen wat hulle verjaarsdag en of huweliksherdenking vier.

Tot 'n volgende keer!

Veilig Sleep

Ps. Baie dankie aan almal wat foto's aanstuur na die kamp, word waardeer!